PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA

https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

Beste Pensioentrekker

"DERTIENDE TJEK" IN DESEMBER 2023

Bonus gelykstaande aan 'n gewone maand se pensioen

Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds het op Donderdag 30 November 2023 vergader. Die Beheerliggaam het besluit om in Desember 2023 'n **"dertiende tjek"** aan elke pensioentrekker te gee. Met "dertiende tjek" word 'n bonus gelykstaande aan 'n gewone maand se pensioen bedoel.

19 Desember 2023

Alexander Forbes, wat die betalings doen, sal dit in **een bedrag saam met u gewone pensioen** betaal. U sal dus merk dat u pensioen in Desember 2023, wat reeds teen 19 Desember 2023 betaal gaan word, verdubbel het. Moet dit asseblief nie verwar met die 5,4% verhoging wat vanaf Januarie 2024 geld nie.

Waar kom dié bonus vandaan?

U dra reeds kennis dat die Beheerliggaam in April 2023 'n inflasie-gekoppelde annuïteitspolis by Sanlam vir die pensioentrekkers aangekoop het. Nadat hierdie annuïteitspolis aangekoop is, het daar geld in die pensioenaris-portefeulje oorgebly. Die Beheerliggaam het besluit om dit aan die huidige pensioentrekkers uit te betaal, nadat daar voorsiening gemaak is vir toekomstige uitgawes wat steeds uit hierdie pensioenaris-portefeulje betaal moet word.

Geseënde Kersfees

Kersfees is familietyd. Dit is tyd vir moeite maak met mekaar soos God in Christus met ons moeite gemaak het. Mag u in hierdie feestyd die nabyheid van familie en vriende en omgeemense ervaar, maar nog meer, die nabyheid van die Jesus-kind!

Hartlike groete

BOSSIE MINNAAR
HOOFBEAMPTE: PREDIKANTE PENSIOENFONDS
083 270 5211